

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT.

Dit kom as geen verrassing nie dat mens verlief raak op die uiteenlopende aspekte van die Bergrivier-streek – van die koel Atlantiese Oseaan in die weste, oor die uitgestrekte ruimtes van die Sandveld en die Swartland, tot waar die ruwe gebergtes uittroon in die ooste.

As jy hou van seebriese, afgesonderde strande en seemeeue wat luilekker bokant jou sirkel, dan is 'n besoek aan Velddrif net die ding. Die uitgestrekte stil strande is ideaal om te gaan stap (of selfs om te draf!), gedurende die winter and lente is daar walvisse en dolfyne terwyl dwarsdeur die jaar visgevang kan word.

Weg van die see heers daar 'n ander atmosfeer en landskap in die binneland waar jy na hartelus die landelike hartland kan verken - stowwerige plaaspaaie, eindelose wuiwende koringlande en windpompe wat weemoedig kletter in die koue wind. Bergpieke met oeroue rotsformasies en berglug wat gegeur is met fynbos verskerp die sintuie en verkwik die siel.

Ten spyte van die toenemende gewildheid van die streek, bewaar die Bergrivier-streek nog heelwat geheime. Die Sandveld is in wese 'n onverbiddelike landskap in die somer en met die eerste oogopslag bied dit nie veel vir die oog nie. Daar wag egter 'n asemrowende sonsopkoms, 'n bont spatsel blomme en 'n swerm voëls wat soos een opstyg teen die grou lug.

Die ander geheim is die rus en vrede waarna soveel mense hunker. Hier kan 'n maaltyd (seekos natuurlik!) drie ure lank duur of 'n kort uitstappie na die berge kan 'n vyf uur lange wandeling word. Net sodra jy dink jy ken die streek, wissel die seisoene en jy ontdek 'n heel nuwe wêreld.

Hoe kan mens nie jou hart verloor op 'n plek wat soveel, en meer, bied nie?

Bergrivier Munisipaliteit is aangewys as een van die toonaangewende munisipaliteite ingevolge dienslewering in die land. Dit is ook aan die spits van biodiversiteitbestuur en–bewaring.

As gasheer wat 'n internasionale konferensie oor hierdie belangrike onderwerp gedurende Februarie aanbied, val die klem op plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur toerisme en belegging en onderhoud van ons ekosisteme deur middel van verantwoordelike en ekonomiese gebruik.

Bergrivier Munisipaliteit bied ook aan voornemende ontwikkelaars aantreklike aansporings om in die streek te belê, wat onder andere aanleiding gegee het tot die huidige beplande ontwikkeling van 'n hospitaal van 'n internasionale standaard in Velddrif.

Bergrivier is gerieflik naby Kaapstad geleë en kan besoekers soontoe wegbreek vir 'n besonderse naweek. Gasteplase en gastehuise is van hoogstaande gehalte en vir almal bekostigbaar. Wandelpaaie, valskermsweef (Porterville) en vlieërplankry (Velddrif) in 'n ongerepte omgewing, wag vir die avontuurlustige terwyl Piketberg alombekend raak as die middelpunt vir kunshandwerk.

Die pragtige dorpe van Velddrif en Piketberg raak toenemend aanloklik vir provinsiale en internasionale sportbyeenkomste en bied sportgeriewe van hoogstaande gehalte, terwyl Aurora en Redelinghuys al hoe meer gewild raak vir mense wat wil aftree in 'n rustige omgewing met vriendelike en gasvry inwoners.

Om alles hierdie en meer van 'n goedbestuurde munisipaliteit en asemrowende omgewing te beleef, besoek gerus www.bergmun.org.za.